

'N WETENSKAPLIKE GRONDSLAG VIR DIE KAAP-HOLLANDSE KUNS¹

Onder Kaaps-Hollandse kuns verstaan ons veral die boukuns, meubelen toegepaste kuns vanaf die vestiging van die Kaap tot ongeveer 1840. Dit laat geen twyfel dat daar vir hierdie kuns reeds in vroeër jare 'n groot belangstelling bestaan het nie. Die besef dat dit uiters noodsaaklik is om hierdie kunsuitings soos 'n kosbare erfnis vir die nageslag te bewaar, het egter eers betreklik onlangs begin groei. Die eerste tekens hiervan is aan die begin van hierdie eeu merkbaar. Dit het gekom van die kant van mense wat entoetiese gevoel het vir die pragtige wit gewels van die Kaapse huise en vir die geskiedenis wat aan so baie van hierdie opstalle verbind is. Met behulp van die argitek sir Herbert Baker het Cecil Rhodes, met sy Rhodes-Vrugteplase, 'n geslaagde poging aangewend om sommige geboue van ondergang te red. Die besef dat hierdie geboue nasionale besit was, is in die jare van die Uniewording van Suid-Afrika uit patriotiese oorwegings benadruk. Tradisie, waaronder ook die Kaaps-Hollandse boustyl, moes meewerk om die mense meer nasiebewus te maak. Daarna het die belangstelling weer verflou. Eers in 1925, toe „Groot Constantia” heeltemal afgebrand het, het die besef van die waarde van die ou gewelhuise weer toegeneem. „Groot Constantia” is weer opgebou en tot 'n nasionale monument verklaar. Publikasies oor die Kaapse kuns het, afgesien van 'n tydelike onderbreking gedurende die Tweede Wêreldoorlog, in die laaste dertig jaar gestadig toegeneem. Hier en daar is opmetings van dié gebou gemaak. Algemene argitektoniese verskynsels, later ook van die argitektuur in die binneland, is bestudeer en beskryf. Aan 'n grondige gedokumenteerde oorsig, sowel op die gebied van die boukuns as van die meubelkuns, het dit egter nog ontbrek.

In hierdie ernstige behoefte is nou uiteindelik voorsien deur die publikasie van twee standaardwerke, wat albei aan die einde van 1965 in Kaapstad verskyn het. *The Old Houses of the Cape*, deur H. Fransen en dr. M. A. Cook gee, soos die ondertitel aandui, „a survey of the existing buildings in the traditional style of architecture of the Dutch-Settled regions of the Cape of Good Hope”.² Die tweede boek, *Cape Furniture*, deur M. G. Atmore, bespreek uitvoerig die meubelkuns uit dieselfde periode.

In die voorwoord van *The Old Houses of the Cape*, wys dr. Anton Rupert daarop dat Suid-Afrika gedurende die afgelope drie eeue twee oorspronklike bydraes tot die westerse kultuur gelever het, nl. die Afrikaanse taal en die Kaaps-Hollandse boukuns. Oorspronklik was daar 3,000 Kaaps-Hollandse huise, waarvan daar vandag nog maar 500 oor is. Hiervan het 275 nog hul oorspronklike karakter behou. Slegs 100 is

1. Na aanleiding van die publikasie van: H. Fransen en dr. M. A. Cook: *The Old Houses of the Cape* (pp. xxiv, 272, 6 kleurplate, 600 illustrasies; kaart en stadskaarte, Kaapstad, A. A. Balkema, 1965), R12-50, en M. G. Atmore: *Cape Furniture* (pp. 244, 103 illustrasies, 26 p. detailfigure; Kaapstad, Howard Timmins, 1965), R7-50.

2. Kyk: *Historia*, 9de jrg., no. 4, Des. 1964, p. 315v.

veilig. Dit is waar dat die woonhuisargitektuur altyd deur die eise van vooruitgang met vernietiging bedreig word, maar dis juis hierdie huise wat die duidelikste getuigenis lewer van die bloei van die westerse kultuur in Suid-Afrika.

Na die eerste pogings tot die bewaring van hierdie geboue aan die begin van hierdie eeu, het die volgende stap in 1935 gevolg met die stigting van die Historiese Monumente Kommissie. In 1959 het hierop gevolg die totstandkoming van die Stigting Simon van der Stel, wat nie net monumente onder sy beheer neem nie, maar hulle ook wetenskaplik laat restoureer. Onlangs is die „Historiese Huise van Suid-Afrika, Bepk.” in die lewe geroep. Dit is ’n beperkte maatskappy wat deur die Rembrandt Tabakmaatskappy tot stand gebring is met die doel om belangrike geboue aan te koop, te restoureer en hulle daarna weer te gebruik vir ’n nuttige doel, bv. as ’n museum of andersins.

Die geboue wat in *The Old Houses of the Cape* beskrywe word, lê in die gebied wat begrens word deur Lambertsbaai, Clanwilliam, Beaufort Wes, Colesberg en Uitenhage. Wat daarbuite lê, is betreklik laat gebou en dus minder belangrik. Die boukuns van die Oostelike Provinsie is reeds in besonderhede beskryf deur R. Lewcock in sy *Early Nineteenth Century Architecture in South Africa*.³

Die tipiese ou Kaapse huise het dik mure wat aan albei kante gepleister en witgekalk is. Die kamers lê in ’n enkele ry langs mekaar. Baie van hierdie huise het reeds lank bestaan voordat daar ’n middegewel aan toegevoeg is wat in werklikheid as ’n versiering gedien het. In die binneland is daar baie huise wat glad nie ’n gewel het nie. Tog moet ook hierdie geboue tot die Kaaps-Hollandse boustyl gereken word. Kultuurhistories is die gewels egter besonder interessant: hulle weerspieël die smaak van die tye wat dikwels van jaar tot jaar gewissel het. Nêrens egter het die lokale ontwikkeling van die gewelstyl so ’n tipiese verskynsel by die boukuns geword, as juis aan die Kaap nie.

Daar is baie soorte gewels. Sygewels is oorspronklik in Holland toegepas vir hoë en smal huise. Daar is dit die hoofgewel. Hierdie gewels kom veral voor in dié streke van die wêreld waar die Hollanders hulle vroeër gevestig het, die gebiede van die V.O.C., maar ook in Oos-Engeland, langs die Noordsee en die Oossee, en in Wes-Indië. Aan die Kaap het die gewels veral die rietdakke beskerm sodat stormwinde dit nie kon afruk nie. Die middegewel kom in Holland baie minder voor. Aan die Kaap vind dit sy ontstaan as gevolg van ’n aantal plaaslike omstandighede. Die huise se boumateriaal was minder sterk en gee aanleiding tot die bou van lae gewels met vensters en ’n deur in die middel. Namate dit ekonomies beter gegaan het, kom daar by die mense meer behoefte aan uiterlike vertoon en die sygewel met sy ingang deur was die aangewese plek om dit te laat botvier. Bowendien het die huise vroeër


3. Hierdie versameling het tot stand gekom met behulp van die „Kaapse Drie-eeu-stigting” en is nou in die Suid-Afrikaanse Openbare Biblioteek in Kaapstad ondergebring.

met hul breë kant na die straat gestaan, waardeur die sykante baie naby die van die huise langsaan gekom het. Die sykante kon gevolglik nie gebruik word om lig op die solder te kry nie; dit kon slegs verkry word deur 'n venster in die breë gewel aan te bring.

Daar word vervolgens besonder uitvoerig ingegaan op die verskillende tipes van gewels. Dit begin met die gewone *holbolgewel*, wat verder ontwikkel en van buite af beïnvloed word.

Elke huis wat beskryf word, se geskiedenis word nagegaan. Daar is op grootskaal gebruik gemaak van die Fransen-versameling, bestaande uit 1,500 negatiewe.

Tot en met die eerste helfte van die 19de eeu kon Kaapstad in Tafelvallei „inpas”, ondanks die feit dat die bevolking na 1780 vinnig toegeneem het. Die uitlopers van die omringende berge dien as voorstedelike gebied wat hoofsaaklik bestaan het uit huise met groot tuine en kleinhoues. Die eerste huise in die stad het net een verdieping gehad, met een enkele ry kamers langs die straat. Naderhand is vleuels aangebou en ontstaan die bekende L- en U-vormige plattegronde. Die meeste huise bestaan vandag uit twee verdiepings, maar die U-vormige plattegrond het in gebruik gebly. In die binneland was hierdie soort plattegrond egter nooit baie populêr nie, behalwe vir amptelike geboue, soos 'n drosdy of 'n pastorie (vgl. o.a. die Kerk in Tulbagh). Die tweede verdieping het ontstaan as gevolg



Rhône, Groot-Drakenstein.

(Foto: Departement van Inligting)

van skaarste aan beskikbare bougrond in die middestad self omstreeks 1770-1780. Vroeg in die 19de eeu het Kaapstad geen grootse amptelike geboue gehad nie. Die beperktheid van beskikbare boumateriaal, die feit dat baie huise binne minder as 'n halwe eeu gebou is, dat die styl op tradisie gegrond is en aanpassing aan plaaslike omstandighede, het 'n groot argitektoniese gelyksoortigheid veroorsaak. Die meeste geboue is goed ontwerp, sodat hierdie ou stadsgedeeltes in hulle geheel 'n aantreklike en statige indruk maak.

Veel van hierdie argitektuur het verdwyn of is met die verloop van tyd onherkenbaar verbou. Veral aan die begin van hierdie eeu was daar 'n moediger vir modernisering, volgens die toenmalige begrippe. Gelukkig was die beskikbare fondse dikwels beperk, sodat die veranderinge tot die voorgewel beperk gebly het. Van menige huis het die agtergewel eintlik beter bewaar gebly. In soverre dit argitektuur betref, leer mens vandag ook veel van die meer nederige huisies, maar eers wanneer ons geleer het om dit sonder die teenswoordige sinkdak, die veranda en die laat Victoriaanse deure en vensters te bekyk.

'n Hele aantal huise in die binneland behoort vir geslagte al aan dieselfde familie, soos „Olifantskop” (Malmesbury) aan die Van der Spuy-familie, „Swellingift” aan die De Kock-, „St. Helenafontein” aan die Rocher-, „Zuurfontein” (Piquetberg) aan die Visser- en „Groendam” (Clanwilliam) aan die Louw-familie.

Veral in die Tulbagh-omgewing kom dit dikwels voor dat die huis selfs ouer is as die eiendomsakte van die grond waarop dit staan, bv. „Klipfontein”, „Verlorenvallei” en „Lakenvallei” (Ceres). „Schalkenbosch” dateer van 1798, terwyl Johan de Vaal eers in 1831 transport van die grond gekry het. Dié huise is gebou deur iemand wat blykbaar nooit moeite gedoen het om oordrag van die grond te kry nie.

Die geskiedenis van die ou huise is natuurlik vol merkwaardige gebeurtenisse en oorlewings. Dit is dikwels hierdie ou verhale wat 'n diep insig gee in die lewe van vroeër.

„Libertas” was die woonplek van Adam Tas en die algemene opvatting is, dat dit so genoem is nadat Tas uit die tronk ontslaan is: Liber (est) Tas (Tas is vry)! In werklikheid is die plek reeds so genoem lank voordat die moeilikhede met W. A. van der Stel tot 'n hoogtepunt gekom het.

„Stellenberg” is in 1742 deur 'n sekere John White (later Jan de Wit) gekoop. Hy was een van die eerste Engelse wat hom permanent aan die Kaap gevestig het.

Op „Zandberg” weer het 'n sekere Maria Kickers gewoon, wat getroud was met Jan C. van Oud-Beyerland (die Jan Bombam in Tas se dagboek). Hy was blykbaar 'n moeilike mens en in 1685 het sy hom verlaat. Daarna het sy met Frederik Botha saamgelewe. Die egskeiding volg eers baie later en in 1717 trou sy met Botha. Al haar kinders is van Botha, maar menige geskiedskrywer het gesoek na die „eerste vrou” van Botha, wat nooit bestaan het nie!

Van „Idavallei” word gesê dat die naam van ’n vrou, genaamd Ida, afkomstig is. Maar die klassieke opvatting was in daardie dae baie populêrder as vandag en dis glad nie onmoontlik dat dit genoem is na die berg Ida, langs die hellings waarvan ook soveel water sou afgestroom het.

Daan Retief het ’n slaaf gehad wat ’n eerste klas bouer was en moontlik ook huise ontwerp het: „Welvanpas” (Wellington), en moontlik ook „Nabygelegen” en „Weltevreden” (Stellenbosch) is deur hom gebou. „Zanddrift” is weer gebou deur ’n weduwee, bygestaan deur haar twee dogters en ’n slaaf.

Op „Breede Rivier” het Jac. Francois Hugo gewoon, bygenaamd Koos Mosterdpotjie. Hy het ’n heerlike soet wyn gemaak wat veral by die Duitse kanselier Bismarck in die smaak sou geval het.

Daar was Hendrik Elbertsz, wat in 1657 ’n stukkie grond gekry het by wat vandag Mowbray is. Die oewers van die Liesbeek het egter vir hom te woelig geword! Hy gaan naderhand in Hottentotsholland woon en nog later in die Stellenboschkloof. En Jan de Villiers, wat links en regs plase moes opkoop omdat hy so baie kinders gehad het, was o.a. die eienaar van „Meerrust” (Simondium).

Merkwaardig is ook die „jonkershuis”, o.a. by „Blauwklip”. Hierdie bygebou was nie soos die naam suggereer nie, net bestem vir ’n getroude



Boschendal, Groot-Drakenstein.

(Foto: Departement van Inligting)

of ongestroude seun nie, maar ook vir weduwee-moeders, besoekers en rondtrekkende skoolmeesters. Dikwels was die latere bygeboue die oorspronklike huis en is die groter woonplek langsaan naderhand gebou.

Na die moeilikhede met W. A. van der Stel, is opdrag gegee om sy huis „Vergelegen” af te breek. Gelukkig is dit net vir een-derde gedoen. Vandag is dit een van die belangrikste oorgeblewe gewelhuise.

Daar rus ’n plig op ons in die 20ste eeu om toe te sien dat nie meer van hierdie ou huise vernietig word nie. Maar ons behoort ook die onderhoud en restourasie van die geboue op ons te neem. Hierdie taak hoef nie altyd duur of omvangryk te wees nie. Aan die hand van bestaande tekeninge kan die ingangspoorte van die Tuine in Kaapstad weer sonder veel moeite tot hul ou staat teruggebring word, terwyl ook die ou pomp in Princestraat in werkende toestand gebring behoort te word. In die Paarl sou die restourasie van die huis in De Jonghlaan 10 sonder veel onkoste kon geskied, terwyl dit ruimskoots die moeite werd sou wees. Slegs die verwydering van ’n paar kleinighede aan die voorkant van „Koopmanskloof” (Bottelary) en „Boschendam” (Simondium) sou voldoende wees om hierdie geboue tot hul oorspronklike vorm terug te bring. Van „Schoon gezicht” (Dalposaphat) behoort net die sinkdak weer deur ’n grasdak vervang te word. Hierdie gebou behoort tot ’n historiese monument verklaar te word. Ook „Kronendam” het net ’n grasdak nodig.

Die grootste bedreiging vir die ou gewelhuise lê in die gevaar van leeg staan. In so ’n geval kan daar geen sorg aan bestee word nie en selfs die allernoodsaaklikste om hulle in stand te hou, word dan agterweë gelaat. Dit is dan ook inderdaad die geval met party baie belangrike huise, soos „Vlakkeland” (Daljosaphat), wat nou deel van ’n Bantoebuurt uitmaak en steeds verder verval, ook met „Klein Vogelvlei” en „Elandskloof” (albei Piquetherg). „Hervat” (Breërivier), „Zanddrift” (Robertson) en die Ou Residensie in Swellendam.

Uiters noodsaaklike bewaring is in party gevalle nie net in geval van ’n enkele huis gewens nie, maar ook van groepe van geboue. Belangrik in hierdie opsig is bv. die Lutherse groep in Strandstraat, ’n ry huise in Kerkstraat en ook in Breestraat in Kaapstad. Die Maleise buurt, wat die grootste groep geboue van voor 1840 in Suid-Afrika uitmaak, behoort in sy geheel bewaar te bly. In Stellenbosch is daar belangrike dele in Drosdystraat, Kerkstraat en Van Reyneveltstraat, wat die tipiese 19de eeuse sfeer behou het, terwyl daar nêrens in Suid-Afrika ’n eenheid van geboue aangetref word soos in Dorpstraat nie! Ook in die Paarl behoort ’n groep huise bewaar te word, nl. die Grasdakkerk, De Jonghlaan, die Pastorie en die Zeederbergplein. In Darling kan „Mamre” en omliggende geboue beskerm word. In Clanwilliam is ’n deel van Parkstraat belangrik; dit is gerieflike huise wat bowendien heeltemal huite die besigheidsgebied lê. In Cradock vorm die Breestraat-groepie huise ’n voorbeeld van die oudste woonhuise in die distrik. Hulle kan baie maklik gerestoureer word. Moontlik kan ook ’n Italiaanse voorbeeld gevolg word. In Italië is die

stadjie S. Gimmignano, wat beroemd is vir sy groot aantal middeleeuse torings, in sy geheel tot 'n historiese monument verklaar. Hierdie voorbeeld behoort ons op Genadendal in toepassing te bring!

Dat teen die bewaring van so 'n groep huise daar geen groot beswaar hoef te wees nie, blyk wel duidelik uit die plan van die Stigting Simon van der Stel om Pastoriestraat in Graaff-Reinet in sy geheel te bewaar! Die munisipaliteite behoort egter ook te besef watter geweldige aantrekkingskrag so 'n groep goed gerestoureerde huise vir toeriste het. Daarenteen behoort ook besef te word dat die eienaars van sulke geboue, wat hulle baie moeite en koste getroos het om hul gewelhuise te restoureer en te onderhou, nie onderhewig moet wees aan 'n verhoogde belasting nie. Intendeel, 'n tegemoetkoming op hierdie gebied sal baie aanmoedigend wees. Dit word ook tyd dat spesiale provinsiale wetgewing ingestel sal word waarvolgens geen huise ouer as 'n bepaalde tyd, sonder toestemming afgebreek mag word nie. Te veel is reeds nodeloos verniel. 'n Skrynende voorbeeld in hierdie opsig is „Winkelshoek” (Piquetberg), wat onlangs sonder rede gesloop is. Net een vleuel het oorgebly en word nou as pakhuis gebruik. Kon hierdie gebou nou nie in sy gehael bewaar gebly het nie? Ook „Volmoed” (Breede Rivier) word ernstig met sloping bedreig. Indien dit gesloop word, sal dit baie jammer wees. Dit word dikwels egter 'n hopelose en ondankbare taak om telkens weer te veg teen sloping, beskadiging en 'n onnodige verknoeiing van belangrike ou geboue. In Malmesbury is bv. geen enkele oorspronklike huis meer oor nie. Die polisiepos aldaar dateer van 1862. In Worcester was daar in 1948 nog meer as 90 gewelhuise — in 1964 was hiervan nog slegs 50 oor!

Gelukkig kan teenoor al hierdie verliese ook winste geboek word. Soos reeds opgemerk, is 'n aantal drosdye en pastorieë, o.a. die van Swellendam, Tulbagh e.a., vir die nageslag bewaar. Die eienaars van „Meerlust”, die familie Myburgh, het moeite nog koste bespaar om die huis te restoureer en te onderhou. Ook die kerkie en die biblioteek in Tulbagh is veilig. „Saasveld” is, net voordat dit afgebreek is, deur prof. Bax in Kaapstad opgemeet, terwyl die belangrikste onderdele van die gewel deur hom bewaar is. Dit word nou weer herbou naby die Hugenote Monument en as museum ingerig. Die Stigting Simon van der Stel is baie aktief en die Historiese Huise van Suid-Afrika Bepk. het reeds gedurende sy korte bestaan die N.G. Sendingkerkie in Graaff-Reinet en „Groot Paardevlei” (Faure) onder sy hoede geneem.

Met dit alles is deur hierdie boek uiteindelik 'n grondslag gelê waarop met vrug verder gebou kan word en ondersoek wat in hierdie verband onderneem word, kan oor verskillende terreine versprei word. Nadere ondersoek kan ingestel word na die gebruik van houtsoorte, invloed van elders, veral uit die Ooste en die name van bouers en pleisteraars. Wat egter baie noodsaaklik is, is 'n noukeurige opmeting en ondersoek na die boumetode deur middel van fotografiese dokumentasie, van elke afsonderlike ou Kaapse huis tot in alle besonderhede. Baie argiefwerk sal nodig wees om historiese gegewens te bevestig en verder uit te brei. Wat was

byvoorbeeld die rede dat so dikwels in die Tulbaghdistrik geen oordrag van grond bewerkstellig is nie? Waarom juis in daardie distrik?

Dieselfde benadering wat Fransen en Cook ten opsigte van die gewelhuise toegepas het, tref ons aan by M. G. Atmore ten opsigte van die Kaapse meubels. In teenstelling met ander ou kultuurvoorwerpe, soos boeke, silwer, glas en skilderye, het meubels vir versamelaars die voordeel dat hulle nie so skaars is nie en bowendien dat hulle nog altyd gebruik kan word. Vir die koper wat sy gebied en voorwerpe ken, is dit vandag bowendien nog moontlik om Kaapse meubels te koop teen 'n prys wat laer is as vir moderne fabriekvervaardigde meubels. Die ou meubels is bowendien 'n baie beter finansiële belegging!

Hoe stel 'n mens vas of 'n stoel of 'n tafel vroeër in die Kaap gemaak is, en wanneer? Watter Europese style het die vorm van dié meubels beïnvloed, was dit vir 'n huis in die dorp of vir 'n plaaswoning bestem,



Klerekas van Satyn- en Ebbehout, Koopmans De Wet-Huis, Kaapstad.

(Foto: Departement van Inligting)

is dit eg en, indien dit beskadig is, hoe kan dit herstel word? Op al hierdie vrae word 'n antwoord in hierdie boek verskaf.

In vroeëre studies oor die Kaapse meubels, is die nadruk gelê op afsonderlike stukke of versamelings. Vir die eerste keer is daar nou 'n boek geskryf wat 'n oorsig gee van die STYLE van Kaapse meubels, die invloede wat van buite hierop ingewerk het en die plaaslike ontwikkeling daarvan. Dit het die skrywer twintig jaar van intensiewe navorsing gekos om hierdie werk die ligte laat sien.

Meubels kan in verskillende periodes ingedeel word, waarby elke soort onder die afsonderlike tydvak nagegaan word. Dit is egter moeilik om só 'n oorsig oor die ontwikkeling van die verskillende style te kry. Om dié rede het Athmore voorkeur gegee aan 'n indeling volgens soort: stoele, tafels, kaste. Om soveel illustrasies as moontlik te kan invoeg, het hy gebruik gemaak van hoofipes, met die afsonderlike besonderhede op aanvullende bladsye. Hierdeur kon daar baie meer illustrasies gepubliseer word as wat anders die geval sou wees.

In die Europese lande is dit meestal nie so moeilik om te bepaal in watter tyd 'n meubelstuk gemaak is nie. In baie gevalle kan dit selfs tot op 'n jaar noukeurig vasgestel word. Wat die Kaapse meubels betref, is dit egter nie so gemaklik nie. Hier beskik ons nie oor nagelate bestelboeke van meubelmakers nie en die modeveranderings het hulle ook nie so reëlmatig voltrek nie. Dikwels het immigrante vasseklou aan 'n styl wat in hul vroeëre vaderland geheers het en in sover hulle dit nog kon onthou. Wat die vroeëre tydperk betref, moet daar op minstens tien jaar grasiae gereken word voordat 'n nuwe Europese styl aan die Kaap ingang gevind het.

Tog word die verskillende stylveranderinge in Europa ook meestal, na verloop van tyd, wel aan die Kaap weerspieël. Die invloede kom hier nie net as gevolg van ingevoerde meubels nie, maar ook deur boeke met illustrasies van nuwe ontwerpe. Sulke „voorbeeldboeke” het oral in die wêreld 'n groot invloed op die bou- en meubelkuns uitgeoefen. Die mense aan die Kaap het bowendien gedurig omgang gehad met vreemdelinge van die handelskepe in Tafelbaai en sommige Europese besoekers het soms vir 'n hele aantal jare aan die Kaap gebly. Tog word die Europese style nie slaafs gevolg nie. Die navolging is baie onreëlmatiger en dikwels word aan een styl vasgehou om daarna oor te gaan tot een wat baie later algemeen geraak het. 'n Tussenperiode word oorgeslaan.

Wat die Kaapse meubels betref, moet net soos by die boukuns, die jare 1830-1840 as 'n eindpunt beskou word. Die oorsaak hiervan is egter anders as by die boukuns. Meubels was altyd meer aan buitelandse invloed onderhewig as huise. Die 19de eeuse neo-style in Europa het die meubelindustrie nie gunstig beïnvloed nie, terwyl in die tweede kwart van die vorige eeu almeer van masjiene gebruik gemaak is. Die pragtige handwerk verdwyn hiermee en dit beteken die einde van die ou tradisionele meubelnywerheid.

Dit lyk asof die Oosterse invloed op die Kaapse meubels minder omvangryk is as wat altyd gedink is. Kabrioolpote en riet matte en -leunings was moontlik aanvanklik van Oosterse oorsprong, alhoewel dit reeds vroeg na Europa ingevoer is en daar volgens westerse vereistes aangepas is. Dit is in hierdie veranderde vorm dat dit weer aan die Kaap gebruik is. Indien daar egter ook direkte invloed uit die Ooste is, het dit hier met Oosterse timmerliede gekom en nie deur middel van meubelstukke wat in die Ooste gemaak is, na die Kaap vervoer is en hier weer nagmaak is nie. Die invloed van Oosterse timmerliede het egter wel baie bygedra tot 'n hoë standaard van vakmanskap. Wat die groei van 'n plaaslike styl betref, het hierdie invloed baie beperk gebly.

Daar is trouens in die algemeen te veel oorspronklikheid van die Kaapse meubelmakers verwag. Ons praat van 'n Kaapse poot, 'n Tulbagh- of 'n Koopmansstoel. Hierdie style is egter glad nie in die Kaap uitge-



Stinkhoutskrystafel, Koopmans De Wet-Huis, Kaapstad.

(Foto: Departement van Inligting)

dink nie. Die oorspronklikheid van die meubelmakers se werk, moet eerder gesoek word in die feit dat hulle kans gesien het om uiteenlopende oorsese style, wat onderling hemelsbreed van mekaar verskil het, om te vorm tot harmonieuse en dikwels baie mooi meubelstukke, met aantreklike en suiwer verhoudings. Die meubels het bowendien voldoen aan Kaapse vereistes en daar is alle voordeel getrek uit die pragtige plaaslike houtsoorte wat beskikbaar was.

In 'n jong gemeenskap soos aan die Kaap in die middel van die 17de eeu was 'n meubelmaker 'n persoon van groot betekenis. Meestal was dit 'n timmerman, wat darem oor die nodige gereedskap beskik het. Verslete meubels is nagemaak, maar altyd met 'n toenemende neiging tot vereenvoudiging. In Europa daarenteen was die neiging weer dikwels van 'n eenvoudige begin na steeds ingewikkelder vorme. In die kolonies vind dikwels die omgekeerde verskynsel plaas. Meubels word hier uitgesproke funksioneel, wat einlik baie tot hulle skoonheid kon bydra. Dit is opvallend dat in die binneland van Amerika soms meubels gemaak is wat 'n merkwaardige ooreenkoms met die Kaapse meubels vertoon. Net aan die gebruikte houtsoorte kan hulle uitmekaar geken word. Ook is daar oral 'n neiging om die nuwer meubels in die dorp te hou, terwyl die ouer voorwerpe na die binneland saamgeneem word.

Aan die hand van inligting uit dagboeke, reisverhale ens. oor die omvang van die bevolking aan die Kaap, gebeurtenisse soos oorloë, brand en epidemieë en die feit dat meubels elke vyf-en-twintig jaar vervang word deur nuwes, doen Athmore 'n poging om die aantal meubels vas te stel. Moontlik is alle besonderhede nie heeltemal reg nie, maar die groot totaal van 1652 tot 1825 van 107,000, waarvan daar vandag nog 5,000 tot 10,000 oor is, is heeltemal aanneemlik. Ons word egter uitgenooi om ons eie berekening te probeer maak.

Die groot wyn- en koringplase was dikwels selfstandige gemeenskappe aan die Kaap. Hier was ook 'n timmerman. Daar was minder invloed van buite af en die brandgevaar was ook baie minder as in die dorp self. Dit is waarskynlik onder hierdie gunstige omstandighede vir die meubelkuns, dat die groter meubels tot stand gekom het. In die ruim vertrekke van die plattelandse gewelhuise, het hulle die beste tot hul reg gekom.

Wat afsonderlike meubels betref, is dit opvallend dat style die maklikste nagegaan kan word aan die stoele. Plaaslike variasies kom hier duidelik navore. Die gebruik van rietmatte op leuning en sitplek het sy oorsprong teen ongeveer 1660 in Engeland en Noord-Europa. Aan die Kaap het hierdie werk eenvoudiger en swaarder geword. Party style het 'n direkte invloed op die Kaapse meubels gehad. Ander, soos die sgn. „Tulbagh-tipe”, het eers hier navore getree toe dit elders reeds as antiek beskou is. Een ding is egter seker: die merendeel van die Kaapse meubels van voor 1800 is blykbaar deur uitstekende vakmense vervaardig.

Die meeste meubelmakers het in die omgewing van Kaapstad gewoon. Meer as by die boukuns die geval is, is invloede van verskillende ander Europese lande, behalwe die ou moederland, merkbaar. „Queen Anne”-

stoele is in alle variasies in die 18de eeu aan die Kaap gebruik en in die middel van die eeu, is die meer ontwikkelde vorm van hierdie Engelse styl selfs ook aan die Kaap gemaak.

Ook aan die meubelkuns is baie oorlewering verbonde, wat nie altyd 'n grondige ondersoek kan deurstaan nie. Die sgn. „slawemeubels” is in werklikheid waarskynlik deur bewoners diep in die binneland gemaak. Ook die oorspronklikheid van die sgn. Hugenate-styl, wat onder Oosterse invloed aan die Kaap sou ontstaan het, is twyfelagtig. Na die eerste Britse periode, het Engelse invloed oorwegend geword.

In die middel van die 17de eeu was die stoel nog altyd vir die hoof van die gesin en sy vrou bestem. Die res van die familie het sitbankies gebruik. In die kolonies was sulke tradisies minder sterk en het almal van stoele gebruik gemaak. Gevolglik is die klein sitbankie hier baie seldsaam.

Die tafel was die middelpunt van die familie, meestal van 'n langwerpige vorm, wat selfs die invloed van Rokokokunstenaars, met hulle voorliefde vir ronde vorme, kon weerstaan. Ook die Kaapse tafels het die Europese style gevolg. Selfs die plattelandse tafel met gedraaide pote, het sy oorsese voorgangers gehad en mag nie as 'n suiwer Kaapse ontwikkeling beskou word nie. Namate die vertrekke in die Kaapse wonings groter geword het, het die opklaptafeltjie in onbruik geraak. Die bevolking het ryker geword en van die Skiereiland na die binneland uitgebrei. Dit was die goue tyd vir die groot gewelkaste. Hierdie kaste is gebou in 'n groot aantal kleiner onderdele, sodat hulle maklik oor groot afstande vervoer kon word. Dit is een van die redes waarom soveel kaste vandag nog in so 'n uitstekende toestand verkeer. Dit is begryplik dat die ou Kaapse kaste vandag nog niks aan populariteit verloor het nie. Baie modelle is nagemaak. Sodra egter buitensporig veel moeite gedoen word om sulke moderne namaaksels ook oud te laat lyk, begin mens twyfel aan die juiste bedoeling van die makers.

Hoekkaste met glasvensters het veral vanaf die einde van die 17de eeu in Engeland in gebruik gekom en daarvandaan het die mode na die Kaap oorgewaai. Dit is 'n gevolg van die algemene gewoonte om tee te drink en 'n behoefte om dikwels kosbare koppies agter glas in die boonste deel van die kas uit te stal.

Veral by die hoë kaste (armoires) is dit dikwels moeilik om vas te stel of hulle uit Holland ingevoer is en of hulle hul oorsprong aan die Kaap gehad het. Dikwels is dit die gebruikte houtsoort wat hier die deurslag moet gee. In sommige gevalle is dit egter nie moontlik om selfs die houtsoort vas te stel nie. Sommige Kaapse kaste is selfs oorsese saamgeneem, soos blyk uit vondse wat partymaal deur antiekhandelaars op 'n oorsese reis gedoen word.

Hierdie groot kaste met geweltoppe, is nie uitsluitend in Holland gebruik nie. Ook in Salzburg (Oostenryk) is byvoorbeeld eksemplare bekend. Wel het hulle in Holland die grootste ontwikkeling deurgemaak. In vergelyking met ander meubels het 'n opmerklike groot aantal van

hierdie kaste bewaar gebly. Dit is begryplik as mens onthou dat hierdie kaste, wat natuurlik altyd baie kosbaar is, beter onderhou is en baie minder onderhewig was aan die invloed van daaglikse slytasie. Net die metaal onderdele, wat dikwels van silwer was, is in baie gevalle gesloop en omgesmelt, of deur versamelaars verwyder. Silwer is bowendien baie bros en kan gou beskadig raak.

Kiste het in die Noordelike Holland die grootste populariteit verwerf. Die Kaapse kiste stam direk hiervan af. Dit is opvallend dat hulle hier egter nie, soos dikwels oorsee, geverf is nie. Die oorsaak moet natuurlik gesoek word in die pragtige plaaslike houtsoorte wat hier oral beskikbaar was.

Ook ander meubelsoorte, soos beddens, wiegies, wastafels en speëls word uitvoerig nagegaan. Daar word gewys op die rol wat metaal gespeel het. Algemeen word geglo dat spykers en skroewe eers in die 19de eeu in gebruik gekom het. Dit is onjuis. Hulle is vanaf ongeveer 1700 bekend, maar daardie spykers was met die hand gemaak. Hulle is vandag baie skaars en moeilik vervangbaar.

Kaapse meubels styg sterk in prys. Die oorsaak moet nie net in die daling van die geldwaarde gesoek word nie, maar ook in die feit dat die beskikbare meubels skaars word. Hulle verdwyn in toenemende mate in museums en groot versamelings.

Wat datering betref, moet onthou word dat alle werk wat masjinaal gemaak is van later datum is. Veel kan beoordeel word volgens die hout wat gebruik is, veral by reparasies. Maar ook by die meubels speel kennerskap, goeie smaak en aanvoeling vir die skoonheid van die ou meubel, dikwels 'n deurslaggewende rol.

Die belangrikheid van hierdie twee standaardwerke lê nie net in hulle geweldige uitvoerigheid en grondigheid nie. Dit is veral dat daar nou 'n vaste grondslag gelê is vir die Kaaps-Hollandse kuns. 'n Grondslag waarop met ywer verder gebou behoort te word.

Prof. F. G. E. Nilant.